PBS-NETBALKLINIEK

21-22 Maart 2025
PRESIDENT BRAND PRIMÊRE SKOOL
O/12 & O/13-NETBALSPANNE

i'm lovin' it

Aangebied deur:

KARLA PRETORIUS

van Hoërskool Fichardtpark

ALGEMENE REËLINGS:

Die PBS-Netbalkliniek word deur Karla Pretorius van Hoërskool Fichardtpark aangebied. Hierdie kliniek is die ideale geleentheid om afrigters, asook speelsters, te ontwikkel en voor te berei vir die komende netbalseisoen. Die fokus van die kliniek is dus om te leer en te geniet, vriende te maak en netbal met jou hele hart lief te kry!

KARLA PRETORIUS

KARLA PRETORIUS IS 'N PROFESSIONELE ATLEET WAT AL DIEP SPORE IN SUID-AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE NETBAL GETRAP HET. SY WAS DEEL VAN DIE BATH-SPAN IN DIE VERENIGDE KONINKRYK EN IN 2017 HET SY BY DIE INAUGURAL SUNSHINE COAST LIGHTNING-SPAN AANGESLUIT. SY IS DUS DIE EERSTE SUID-AFRIKAANSE NETBALSPEELSTER WAT VIR 'N AUSTRALIESE KLUB IN DIE SUNCORP SUPER NETBALLIGA (SNN) GESPEEL HET. PRETORIUS HET ALTESAAM 7 SEISOENE VIR DIE SUNSHINE COAST LIGHTNING-SPAN UITGEDRAF EN HET VERSKEIE TOEKENNINGS TYDENS DAARDIE TYDPERK ONTVANG.

KARLA PRETORIUS IS LID VAN SUID-AFRIKA SE NASIONALE PROTEA NETBALSPAN, WAAR SY AS ONDERKAPTEIN DIENS DOEN. SY HET SEDERT HAAR DEBUUT IN 2011 'N UITMUNTENDE LOOPBAAN AS PROTEASPEELSTER EN HET IN 2023 AAN HAAR DERDE WÊRELDBEKERREEKS IN KAAPSTAD DEELGENEEM. PRETORIUS IS MET 'N TOTAAL VAN 112 WEDSTRYDE, EEN VAN SLEGS VYF PROTEA-SPEELSTERS WAT DIE 100-WEDSTRYDKERF OORGESTEEK HET. KARLA WAS KAPTEIN VAN DIE VRYSTAAT CRINUM-SPAN WAT TYDENS DIE 2024 TELKOM-NETBALLIGAREEKS AS KAMPIOEN GEKROON IS. SY IS BY HIERDIE ELITE NASIONALE NETBALKOMPETISIE AS SPELER VAN DIE TOERNOOI AANGEWYS.

WANNEER KARLA NIE NETBAL SPEEL NIE, IS SY 'N NETBALAFRIGTER EN -KONSULTANT. SY IS OOK 'N GEKWALIFISEERDE DIEËTKUNDIGE.

INGESLUIT BY DIE KOSTES:

- 2 X MIDDAGETES VIR DIE SPEELSTERS & AL DIE AFRIGTERS.
- GELUKSTREKKING, ONDER ANDERE 'N KARLA PRETORIUS NETBALROKKIE.

TERME & VOORWAARDES:

- SPANNE WORD VERSOEK OM HUL EIE NETBALBALLE EN NETBALBEFFIES SAAM TE BRING.
- BASIESE NOODHULP BESKIKBAAR.
- SNOEPIE BESKIKBAAR.

DATUM:
21-22 Maart 2025

TE:
PRESIDENT BRAND
PRIMÊRE SKOOL

OUDERDOMSGROEPE:
O/12 & O/13

KOSTES:
R250 PER SPEELSTER
R300 PER AFRIGTER

DEPOSITO:
R500 PER SPAN
VOOR 6 DESEMBER 2024

KONTAKBESONDERHEDE

marika@presidentbrand.co.za

Wag-'n-Bietjieboslaan, Pellissier

082 364 4554

MET TROTS GEBORG DEUR McDonald's